
DALENE MATTHEE

(Van bl. 32)

Gelukkig was daar nog van dié oues oor. Sy het hulle opgesoek, Bos toe geneem en daar het hulle haar hul geheimnisse vertel.

Dit was hierdie mense se armoedbestaan wat haar gedwing het om die boek te skryf. Want baie van hulle was aan houthandelaars verpand in 'n soort onbeskrewre feodale bestaan. Dit het daarop neergekom dat hulle die Bos moes uitroei om hul skuld by die handelaars afgewerk te kry en om aan die lewe te bly.

Sy wou daardie waarheid vertel, en dit is vir haar die grootste vreugde van haar boek: dat sy haar nie voor hierdie vriende hoef te skaam nie.

Want daar het 'n dag gekom dat een van hulle vir haar gesê het: "Sal iemand dan uiteindelik voor die Here ons storie vertel?"

Dalene het haar boek voor die Here geskryf. 'n Paar jaar van haar lewe het in die manuskrip van 310 bladsye gegaan. Maar die Bos was nóg nie met haar klaar nie.

"Toe die boek by die uitgever is, pak ek en Amanda die vertaling in Engels aan. Net gekke en dwase doen sulke dinge. Toe ontdek ek hoe onvertaalbaar mooi ons taal is."

Intussen kom die tyding: André Brink, die keurder, is gaande oor die boek.

"Ek skryf toe vir hom en vra wát ek tog met die Engelse vertaling moet doen. Uit die goedheid van sy hart skryf hy vir sy persoonlike agent, Dinah Wiener, by 'n groot ou Engelse letterkundige agentskap . . ."

Daar's toorgoed in die manuskrip van jou, het Dinah Wiener kort daarna laat weet. Dit loop toe ook 'n pad oop na die

uitsoekerigste uitgewerye van Europa. Redakteurs lees dit oornag. Dinah Wiener stuur teleksboodskappe met aanbiedinge.

Dalene is Bos toe om te gaan dankie sê.

HOE tref so 'n bekendheid 'n mens nou?

Vir Dalene gelukkig nog nie te erg nie. Sy staan by die hoekkafée nog altyd net as Hilary se ma bekend (Hilary is 'n buurtlegende). Maar daar word darem vir haar 'n ruim studeerkamer agter die motorhuis gebou, en vorentoe wag 'n ongehoorde lekkerte: die hele gesin gaan November oorsee om Europa te sien. Dalene sal in Italië 'n stukkie fyn navorsing moet gaan afhandel vir die derde boek wat in haar kop broei. Amanda en Larius leer intussen fluks Italiaans.

Die Matthees se gesinslewe is heg, innig en uitbundig. In die middel daarvan sit Larius, rustig glimlaggend agter 'n wolkie seroetrook. Hy bekyk die jonghondspel van sy vrou en dogters. Dis moeilik om te weet waar die dogters eindig en die ma begin. Hulle is meer soos susters.

"Hierdie Larius," sê Dalene, "het dit lekker. Dis skandalig hoe lekker hy dit het. Vier vroumense hang aan sy nek."

Dalene Matthee is nie die ongekompliceerde mens waarvoor 'n toevallige besoeker haar dalk sou aansien nie. Op haar rakke staan die filosowe – van Plato tot Steiner – en daardie boeke se bladsye het die lekker lapperige gevoel van boeke wat voorgelees is. Sy het soveel dinkgange as wat die Bos loopgange het. Sy loop die Bosgange dink-dink en dink haar dinkgange loop-loop deur.

Op staptogte dra sy die swaarste rugsak, en as sy aan die gang kom, loop sy soos 'n olifant: ligvoet en strykdeur.

Sy sal nog lank daar stap, want al die boeke wat sy in haar rondra (daar is minstens nog twee en een van hulle, *Fielase kind*, is so te sê klaar geskryf) het ook uit die Bos gegroei. Haar kamerade is daár. Hulle omring haar. Hulle vertel haar uit blaar en uit wortel hul verhale.

Kry jy haar toevallig daar, moet jy haar alleen laat en nie vra wat sy daar hoor nie. Sy sal sê later vertel. □